

MISSIONALE WERKSGROEP 12 - 13 MAART 2020: BEMARKING – FAMILIENUUS:

Die Missionale Projekspan van die Oostelike Sinode bied 'n werkwinkel aan vanaf 12 - 13 Maart by Kruisrivier Kampterrein in 'n informele en heerlike wegbreekstyl. Dr Lourens Bosman van die Algemene Sinode is 'n ou bekende en gaan sessies lei oor tendense in die NG Kerk en 'n opwindende nuwe boek bekendstel. Dr Jaco Barnard gaan sessies hou oor die erediens en die impak daarvan op lidmate se alledaagse lewe. Jaco het verlede jaar sy PhD daarvoor gedoen. Ons missionale roeping lê in die grondslag van die sessies en besprekings.

Tendense in die NG Kerk

Lourens Bosman van die Algemene Sinode kom praat oor tendense in die NG Kerk en hoe dit impakteer op die bediening. Hy gebruik data vanuit die nuutste navorsing en opnames wat gedurende 2019 gemaak is. Ons kyk ook na 'n paar globale tendense. Die belangrikste deel van die gesprek is egter om saam te gesels oor die implikasies wat dit vir die bediening in die plaaslike gemeente het.

Bekendstelling van *IN PAS*

Die Taakspan vir Missionale Kerkwees van die Algemene Sinode het die afgelope twee jaar gewerk aan 'n handleiding vir gemeentes wat hulle roeping as gestuurdes wil ontwikkel. Die naam van die handleiding is: ***IN PAS met die lewende God. Ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes.*** Hierdie boek is uit en uit geskryf vir die leierspanne in plaaslike gemeentes en die fokus is om leiers op alle vlakke van die gemeentelike lewe te bemagtig om in pas met God te leef en 'n nuwe kultuur te kweek in die gemeente.

Erediens en erediens van die lewe

Hoe meet ons die impak van die erediens op die alledaagse lewe van gelowiges? Hierdie vraag lê in die hart van die bespreking oor die erediens van die lewe, waar die vraag word gevra na die verband tussen die erediens en die lewe van gelowiges.

Daar word ook gekyk na die omvangryke betekenis van verskillende liturgiese rituele, veral met die oog op die betekenis daarvan vir die lewe van gelowiges in hul dag-tot-dag bestaan, as getuies van Jesus Christus.